KAMMANUUS

Nommer 389 19 Januarie 2015

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER



ANDERKANT DUSKANTLAND

Met skoene teen die Drakensberge uit

Hoofstuk I, Deel xv

Ek maak net gou klaar my storie van laas jaar waar ek en Annabelle en Provence op n naweekstaptog na ons terreinkantore gegaan het. Dit was al diepdonker toe ons drietjies die tweemantentjie opgeslaan gekry het en die gasstofie onder die koffiewater se gat sit.

Weet nie hoeveel van julle al so hoog op in die berge kampeer het nie. Net 'n Kalaharinag is mooier. Dit is of mens sommer baie nader aan die hemel is. Elke ster veg hier vir 'n plek in die swart satyn van die hemelkombers.

So het ons lank gesit en gesuig aan ons flessies slangbytserum en met ons oë hout gesoek, tot ver anderkant Fort Wajier se verste ster. In die Kalahari sou ons die roep van die jakkals hoor. Hier in Lesotho, so hoog op, net die loei en die suis van die wind en so nou en dan die tjankblaf van 'n brak vanuit 'n stat daar onder naby die rivier.

Met ons tuiskoms die Sondag, wag Alain Truyts ons in. Hy en sy vrou, Esther, en 'n vriendin wil saam met nog 'n ander jong siviele ingenieur uit die Kaap van Lesotho af stap, oor die berge tot in Natal. Soos die Voortrekkers van ouds, net 'n korter en baie steiler roete. Wil ons saam?

Ons is natuurlik vuur en vlam. Dadelik begin die beplanning. Michael Fatla, die maatskappy drywer, en sy maat sal ons in twee dubbelkajuit Hilux 4x4's gaan aflaai by die Senqu, die oorsprong van die Oranjerivier.

Die Donderdagaand van die November langnaweek kom die ses van ons bymekaar by Alain-hulle se huis. Esther se ouers het kom kinders oppas vir die vier dae wat die staptog sou duur. Hy gaan deur die lysie van wat absoluut nodig is vir ons epiese uittog na Cathedral Peak Hotel aan die Natal-kant van die Drakensberge.

Milla McLachlan en Michael Chemaly, die twee enkelinge in die groepie van ses, bevestig hulle het als en nog wat. Veral die nog wat. Ons kyk Michael se enorme rugsak skepties aan. Die ding lyk moerse swaar. Hy lyk egter nog lekker jonk en fiks, en ons sê maar niks.

Ons bespreek die weer. Dit lyk nie te goed nie. By ons in Ha Lejone is dit bewolk. 'n Mens kan egter nie sê hoe dit in die Senquvallei gaan lyk nie. Daar is darem sprake van opklaar na die naweek se kant toe. Ons stem om eers by die wegspringpunt finaal te besluit. Vieruur die Vrydag oggend spring ons weg. Dit skud en skommel in grou mistige weer deur die berge en die paaie word al hoe rowwer en nouer. Ons twee ervare Basoetoedrywers ken egter elke kronkel-paadjie en waar die spore wegraak, vra hulle die plaaslike inwoners die rigting.

Dan is die Senqu skielik voor ons. Hy loop kant tot wal van die onlangse reën. Tyd om te besluit of ons gaan omdraai of nie. Ons vra Fatla of hy kans sien om ons deur te vat. Sy antwoord is om die Hilux in ekstra lae rat te gooi en daar gaan hy.

Michael is nie bang nie. Ek en Annabelle en Milla is in die eerste voertuig. Die rivier is dieper as wat ons gedink het. Die water spuit deur die rubberomhulsel van die rathefboom. Die bakkie hop en bokspring soos 'n wilde wasmasjien oor die spoelklippe. Sy gat begin wegswaai soos die stroom stoot. Michael se oë is sulke groot ronde wit sirkels as hy vinnig vir my kyk.

Lees volgende keer verder.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

Die Griekwa Tien Gebooie

1. Net Ons Jirre Issie Jirre
2. Ons Jirre is jaloers as jy 'n annir Jirre loop soek.
3. Jy magi Jirre sê wannir jy willie.
4. Jy mago skylte bou of bok loop soek opi Jirre se dag nie.
5. Sorg dat jou se pa en ma altyd ini koelte sit en baja nama bessies eet.
6. Jy magi jou se broer jimmel toe slat nie.
7. Jy magi by annir man se vrou loop lê.
8. Jy magi annir man se kalbas-se en bokke loop vati.
9. Jy magi liegpraaikies oor annir liegie.
10. Jy magi met lang oge na annir man se goete kykie.

'n Gek en sy geld kan 'n baie lekker paartie gooi.

Die skepping van Amptenaraans -'n kitsopleiding

Johan Combrink

1. Begin met 'n eenvoudige stelling: Ons het die projek beëindig want niemand weet hoe om die rekenaar daarvoor te programmeer nie.

2. Gebruik meer woorde, veral hoër woorde, wat niks méér beteken nie, anders verstaan lesers te maklik, en kan jy tot verantwoording geroep word.

3. Bou ekstra naamwoorde in, veral in die plek van werkwoorde, om die saak gewigtiger te laat klink. (Werkwoorde dui op prosesse, naamwoorde dui op vaste feite.)

In die lig van die feite toestand dat niemand op hierdie oomblik in die tyd volledige vertroudheid met programmeringsprosedures van die rekenaarstelsel het nie, is daar tot die besluit gekom om die projek-prosesse tydelik tot terminasie te bring.

Groot lawaai oor weinig wol

DIE BURGER 50 JAAR GELEDE

"Raai-raai. In die Kaap is dit hoogmode, in Pretoria word hy verbied en in Bloemfontein sukkel die stadsvaders om vas te stel wat dit is. Die antwoord: 'n bikini."

Die koerant berig voorts dat 'n "ligte aardbewinkie" in Pretoria losgebars het omdat 'n Transvaalse meisie in 'n bikini wou gaan swem. Sy is verbied om naby die swembad te kom. In Bloemfontein is dit ook verbode.

Die berig stel dan 'n oplossing voor:
"Nou het die modeontwerpers 'n soort swemdrag bedink wat eintlik 'n bikini is wat met deursigtige materiaal verbind word."

Die herkoms van gesegdes (40)

Skeen: Iemand se skene word rooi (iemand is in die verliefraakstadium)
Die beeld is ontleen aan die mannetjievolstruis waarvan die skene rooi word as dit volwassenheid bereik.

Skik: In jou skik wees met iets (baie tevrede wees met iets)
Skik in Nederlands beteken eintlik "orde", sodat in jou skik wees eintlik beteken dat dinge om jou in orde is, is soos dit hoort. wat tevredenheid tot gevolg het.

Skild: Iets in die skild voer (geheime planne of oogmerke hê)
Oorspronklik ontleen aan die ridderoorloë: die ridders het 'n kenteken op hulle skilde laat skilder wat 'n simbool was van wie hulle was, waarna hulle streef of tot watter groep hulle behoort. Hieruit kon afgelei word of hulle vriend of vyand was.
As hulle iets in die skild gevoer het, was dit verborge.

Duskantlander in Anderkantland

Tyd om te kommapunt

DANIËL BEZUIDENHOUT, 'n Namibiese vrou skryf uit Ghana.

Lank gelede het 'n baie slim gryskop omie my vertel mense het so nou en dan kommapunte nodig. Doeityd het ek gedink die gryskoppie was reeds oor die kop geslaan met sy kens-streppie. Oor die jare bly die woorde knoei in my gedagtes; los ek weer so effe dat die idee weer uitrys

Akkra rasper als aan jou stomp ná so vier maande in die vreemde. My geduld drup uit, my gemoed demp en my hart brand klipsteen hard. Ek gooi my gat in 'n krul vir die derdegraad vrot tamaties waarvoor hulle goudpryse vra. Taai sweet andjies wat so strepe trek op die mouter se vensters word een dag skielik nét te veel. Drupkraan vra almal; met oop handpalms; heeltyd.

Een van die eerste dinge wat jou op die voorkop vasslaan is dat *alle* ekspats in Akkra blykbaar bewegende kontant kitsmasjiene is. Die tweede ding wat jy besef is dat die klomp hierso diep annerste-kerklik is. Maar nie onse soort Calvinistiese kerklike soort wat sê *werk jou gat af* en in die 'sweet van jou aangesig sal jy jou brood verdien' nie'.

Die pastore en priesters dié kant van die Guinese goudkuslyn hamer op 'n preek dat in die Bybel staan geskrywe "VRA en jy sal ontvang"! Alle lokale inwoners was al by daai preek of die luigatte op die preekstoel doen nie huiswerk nie en herhaal daai preek oor en oor.

Terug tuis hou bedelaars hulle lywe aasvoël op straat- en verkeershoeke. Passief, maar die bedelaars van Akkra vra en vat en trek aan jou, soos roof afkrap. Bedel is in Akkra groot besigheid en die kompetisie is styf.

In druk verkeer is lammes op skaatsplanke tussen die mouters se wiele deur - ek hou asem op, doodsgevaarlik – maar hulle bly klop-klop vir 'n aalmoesie. By die groentestalletjie sit 'n kaalgat, verlepte krom ene met net 'n nerf skaamlappie en vra met beide handpalms. Buite die restaurant skuifel 'n oorlamse flenter een tussen jou en die mouter se oop deur en druk 'n growwe handpalm onder jou neus in.

Almal - huisbediendes, drywers, sakkiepakkers - bly net skaamteloos vra.Met oop handpalms en nie met palms teen mekaar gedruk in gebed nie.

In die kompleks waar ons woon, dra ek 'n sonsambreel van die mouter na my huis. So hanne oorvol, dra ek my mos eerder morsdood, maar vrek eerder voordat ek 'n tweede keer loop.

Net soos 'n wafferse sonakkedis verskyn die hekwag en trek die sambreel uit my arms. Die koffiebeker spat onder 'n ander mouter in en die koffiebeker se afbreek-oor lê as aandenking vir my dooddra tussen my voete. Die hekwag is nes 'n Jack Russel agter 'n tennisbal; hande viervoet onder die mouter in. Hy hou die afoor koppie triomfantelik uit na my, bekyk die ding en steek die koppie terug in die waai van sy arm.

"Give me" sê hy, hy vra nie. Daar en dan slaat my stompgeit deur. Nee, verduidelik ek, Bostik of Super Glue sal die ding 'n tweede lewe gee. Sonder 'n oomblik se huiwering sê hy: "…then give me the umbrella," en klou die sambreel teen sy bors soos 'n nagapie sy ma sou vasklou. Ek gluur hom aan, vat die sambreel terug en stoom sonder 'n verdere woord huis toe.

Duidelik is my nerwe dun. Tyd om huis toe te gaan en my menswees weer te gaan opvul met mooi bekostigbare tamaties. Ek beplan my vakansie reeds maande lank al om lekker braaivleis, blou hemellug en om my te verlustig in my eie mense en my eie taal.

Nou dink ek weer aan daai omie se slimmigheid. Tyd vir my om te gaan kommapunt, en my batterye te laai met menswees.

EKTKUUTH?

'n Dogtertjie gaan in 'n troeteldierwinkel in en vra: "Ekthkuuth Oom, het Oom klein haathieth?" Die winkeleienaar vra saggies: "Wil jy 'n wit klein hasie hê of 'n sagte enetjie of 'n swartetjie, of miskien een soos daardie oulike bruin outjie daar?" Die dogtertjie sê: "Ek glo nie my luithlang gee om watter kleur hy ithie."

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

Voordat jy jouself met depressie en 'n lae selfbeeld diagnoseer, maak seker dat jy nie deur 'n spul onnosel mense omring word nie.
- Sigmund Freud

PROBLEEM MET VARK

Trieng - trieng.

Boer: "Ja Sipho, wat makeer?"
Sipho: "My baas, die vark hy het by die pad gaspring toe ekke ry hom raak. Nou die vark se kop hy sit vas by die grill en hy raas banja."

Boer: "Vat die 303 agter die sitplek en skiet hom dood, gooi hom agter op die bakkie en bring hom saam plaas toe, ons sal dit hier uitsort. Kyk net eers of die radiator nie seergekry het nie. As daar probleme is, bel my bel my weer dan kom haal ek jou."
Sipho: "Okay, my baas."

So 10 minute later bel Sipho weer.

Boer: "Is die bakkie stukkend, Sipho?"
Sipho: "Nee, my baas, die bakkie is okay."

Boer: "Nou wat is die probleem dan, Sipho?"

Sipho: "Ek wil net weet my baas, wat moet ek doen met die vark se motorbike en die blou lig?"

HOMO SAPIENS

In 'n Amerikaanse peiling is ouers gevra: "Wat sal julle doen as julle ontdek dat jul seun lid is van homo sapiens?"
Meer as 70% het geantwoord:
"Ons sal hom uit die huis gooi en onterf."

COCA-COLA

Twee ou maats loop mekaar ná jare weer raak.
Piet: "En hoe is jou sekslewe?"
Sarel: "Baie soos Coca-Cola."
Piet: "Aitsa! Vol borrels?"
Sarel: "Nee. Eers was dit Classic, en toe word dit Light. Nou is dit Zero."

BAIE SPORTIEF

'n Australiër en 'n Engelsman sit saam in 'n kompartement op die trein tussen Londen en Manchester.
"Julle Engelse is darem 'n simpel klomp," sê die Aussie.
"Julle dink julle stywe bolip maak julle beter as ons. Kyk na my!
"Ek het Italiaanse bloed, Griekse bloed, 'n bietjie Ierse bloed en aborigine bloed. Wat sê jy daarvan?"
Die Engelsman het oor sy bril geloer en sê: "Wel, meneeer, ek dink jy het 'n baie sportiewe ma gehad."

ANDY CAPP deur Smythe

Uit die Wakis

Stories vir die vaak

DIE NAG VAN 1 APRIL

Advokaat vir die verdediging:
"Sê asseblief hoe oud jy is."
Ou tannie:
"Ek is 71 jaar oud."
Advokaat:
"Vertel ons in jou eie woorde wat op die nag van 1 April gebeur het."
Tannie:
"Ek het in my swaai op die voorstoep gesit. Dit was 'n warm lente-aand. Toe kom daar 'n jong man wat by die stoep opsluip en langs my kom sit."
Advokaat:
"Het jy hom geken?"
Tannie:
"Nee. Maar hy was baie vriendelik."
Advokaat:
"Wat het gebeur nadat hy gaan sit het?"
Tannie:
"Hy het begin om my been te vryf."
Advokaat:
"Het jy gesê hy moet ophou om dit te doen?"
Tannie:
"Nee, ek het hom nie gekeer nie."
Advokaat:
"Hoekom nie?"
Tannie:
"Dit het goed gevoel. Niemand het dit aan my gedoen sedert my Albert 30 jaar gelede oorlede is nie."
Advokaat:
"Wat het toe gebeur?"
Tannie:
"Hy het toe begin om my borste te vryf."
Advokaat:
"Het jy gesê hy moet ophou?"
Tannie:
"Nee, ek het hom nie gekeer nie."
Advokaat:
"Hoekom nie?
Tannie:
"Want hy het my weer soos 'n mens laat voel. Ek was opgewonde. Ek het baie jare laas so goed gevoel."
Advokaat:
"Wat het toe gebeur?"
Tannie:
"Wel, teen daardie tyd was ek so opgewonde dat ek gaan lê het. Ek het vir hom gesê: 'Doen dit nou! Vat my nou!'"
Advokaat:
"Het hy dit gedoen?"
Tannie:
"Nee! Hy het net 'April Fool!' geskree en weggehardloop. Dis toe ek die klein stront geskiet het."

KOMPLIMENT

Man aan sy vriend van 55:
"Jy gaan maklik 80 haal."
Vriend: "Wat laat jou so dink?"
Man: "Want dit lyk of jy nou al 70 is."

Geld is beter as armoede, al is dit net om finansiële redes.
- Woody Allen

Net siek musiek maak vandag geld.
- Friedrich Nietzsche

Flukse ou enjin

Die hele dorp was op hol toe die 80-jarige man met 'n bruid van 20 trou. 'n Jaar later is hul eerste kind gebore.

Die verpleegster het die ou man in die wagkamer geluk gewens. "Hoe doen jy dit op jou ouderdom?" wou sy weet.

"Ag," het die ou man gesê, "jy moet die ou motor se enjin aan die gang hou!"

'n Jaar later was dit weer sulke tyd, en die ou man het weer gesê jy moet 'n ou motor se enjin aan die gang hou.

Nog 'n jaar later is die egpaar se derde kind gebore.

"Jy is darem ongelooflik!" het die verpleegster hom geluk gewens. "Hoe op aarde kry jy dit reg?"

"Wel," het die ou man geantwoord, "ek het jou mos al gesê 'n mens moet net die ou enjin aan die gang hou!"

Die verpleegster het geglimlag, hom op die rug geklop en gesê: "Wel, ek dink dis tyd dat jy die olie omruil, want hierdie enetjie is swart."

Moewiese Moles by Makro

Die man en vrou het inkopies by Makro gedoen toe hy 'n kis Windhoek Lager in die waentjie sit.

"Wat dink jy doen jy?" vra sy.

"Dis op 'n special - net R100 vir 24," antwoord hy.

"Sit terug. Ons kan dit nie bekostig nie," beveel sy.

'n Rukkie later sit die vrou 'n bottel gesigroom wat R200 kos in die waentjie.

"Wat dink jy doen jy?" vra die man.

"Dis my gesigroom," sê sy. "Dit laat my mooi lyk."

"'n Kis Windhoek laat jou ook mooi lyk, en dit kos helfte van die prys," sê die man.

Konsternasie breek los.

Vloerpersoneel storm nader.

Die man weet nou nog nie wat hom getref het nie . . .

Vreemde name



RUGBYSPELERS

"Daar is nie genieë in rugby nie. 'n Genie is iemand soos Norman Einstein."
-- *Speler van die Chiefs*

"Toe julle in Egipte getoer het, was julle by die piramides?"
"Ons was by so baie klubs, ek kan nie almal se name onthou nie."
-- *Speler van die Hurricanes*

"Hy is die soort wat sesuur soggens opstaan - maak nie saak hoe laat dit is nie."
-- *Een speler oor 'n ander.*

Briljante blondine

Drie meisies doen aansoek om speurder te word en ondergaan die toets.

Die toetser toon aan elkeen dieselfde foto, en vra: "Wat is vir jou baie opmerklik van hierdie verdagte – iets soos 'n moesie, geboortemerk, letsel, wat ook al?"

Nommer een bekyk die foto en sê: "Die man het net een oog."

Toetser: "Dis in profielfoto. Natuurlik sal jy net een oog sien!" Hy wys die foto vir **nommer twee**, wat sê die man het net een oor.

Toetser: "Dis 'n profielfoto – hoe kan jy met sekerheid sê hy het net een oor?"

Die **derde kandidaat** is 'n blondine. Sy bekyk die foto en sê: "Hy dra kontaklense."
Die toetser is heel oorbluf, raadpleeg sy notas en sien die man dra inderdaad kontaklense.
Toetser: "Jy is reg. Maar hoe het jy dit geweet?"
Blondine: "Dis maklik. 'n Man wat net een oor het, kan nie 'n bril dra nie, kan hy?"

En sedert selfone so gewild en algemeen geword het:

1. **Network Madondo**
2. **Subscriber Zulu**
3. **Nokia Khumalo**
4. **Siemens Mdlalose**
5. **Motorola Buthelezi**
6. **Dial Magubane**
7. **Vodacom Mkhize**
8. **Call Later Ndlovu**
9. **Voicemail Ngobese**
10. **Simcard Makhathini**

Stamboom

Help ons familiesoekers

EBERSOHN theresaduplooyza@gmail.com
Ek soek inligting oor JACOBUS NICOLAAS EBERSOHN en sy gade BARENDINA SOPHIA EBERSOHN (gebore LOMBARD). Albei gebore tussen 1860 en 1890. Hulle was van Riversdal/Swellendam/ Heidelberg omgewing. Barendina was die dogter van CHRISTOFFEL JOHANNES EN MARIA ELIZABETH LOMBARD van Heidelberg Weskaap.

MATTHEE theresaduplooyza@gmail.com
Ek soek na persone wie afstammelinge is van HERMANUS PETRUS WILHELM MATTHEE (GEBORE ± 1846 en oorlede Steynsrus 1919) en ANNA CATHARINA MATTHEE(gebore ± 1945 JANSE VAN RENSBURG) en oorlede Junie 1900 op die plaas VLAKKUIL Distrik KROONSTAD, Vrystaat. Albei was gebore in Riversdal/Heidelberg Weskaap. Hul kinders was Maria, Jochemus Philippus, Petronella, Anna, Dina, Hermanus Petrus, Michael Helgaard,Susara en Johanna Matthee.

OBERHOLZER obies@silvercore.co.za
Soek nasate / inligting oor JAN ADRIAAN OBERHOLZER. 1855 - 1932. Vrou was n nooi Koekemoer 1863 - 1929.

PAVIER Izakjtheron@gmail.com
Krugersdorp area. Martha Johanna Pavier, getroud met Petrus Johannes Potgieter.

POTGIETER Izakjtheron@gmail.com
Andries Hendrik Potgieter se nasate.

THERON izakjtheron@gmail.com
Oupa. Jan Gabriel Jakobus Theron, gebore 1896. Sy pa Jan Gabriel Jakobus. Sy ma, Martha Maria.

THERON Moeks-@hotmail.com
Soek die ouers van Jan Gabriel Jacobus en Susanna Johanna Vorster. Inligting soos hulle gebore sertifikate en moonlike huwelik sertifikate. Jan Gabriel Theron gebore 4/5/1898 oorlede 14/4/1983, getroud en geskei van Johanna Susanna Vorster 5/10/1903.
Kinders gebore uit die huwelik, Jan Jacobus Theron 11/4/1923. Roelof Theron gebore 1925. Josias Theron. Lodewyk 1927. Gabriel Theron gebore 1933. sertifikate. Theron. JacobusTheron gebore.1931. Gabriel Theron Gebore 1933 en sterf in oorlog Noord Afrika, 1956. Izak Johannes gebore 7/8/1935. Huwelik met Martha Susanna Johanna 26/8/1937. Johanna Susanna Muhlenburg gebore 1937, Martha Johanna 1939. Ek benodig asseblief geboorte setifikate, doodssertifikate, huwelikssertifikte en enige inligting oor hulle kinders.
Groete.

VORSTER izakjtheron@gmail.com
Ouma, Johanna Susanna. Getroud Theron, 5/10/1903. Haar pa, Roelof en ma, Martha Johanna.

Op jou voete

Ek besluit nou die dag om te gaan kyk hoe 'n moskee werk en sit toe af Slamse buurt toe en gaan sit saam.
Die imam kom na my toe en lê sy hande op my en sê:
"In die naam van Allah en die profeet Mohammed, vandag nog sal jy loop."
Ek vertel hom toe ek is nie verlam nie.
Hy kom 'n rukkie later weer na my toe en vertel my weer met die wil van Allah en die profeet Mohammed sal ek vandag nog loop.
Weer lig ek hom in dat ek nie lam is nie.
Ná die gebede gaan ek gou buite toe vir asem skep.
So wragtig waar, my kar is gesteel!

Die oom gaan dokter toe met 'n maagprobleem.
Dokter sê: "Jy sal 'n scope moet sluk, Oom.
"Dieoom bly so rukkie stil...
"Boet, ek is 'n kerkmens. Kan ek nie maar eerder 'n Landbouweekblad sluk nie?''

AGTEROS

Net voor uitspantyd

“Daar gekom, lê die bok doodstil, maar ek sien geen merk aan hom nie. Agterdogtig vra ek: “Waar het jy gemik?”

Deur
ERNEST WIENAND

Hierdie is ’n ware verhaal. Soos meeste jagverhale en hengelstories is daar altyd ’n element van die ongelooflike in wat mens net effe laat wonder of twyfel aan veral die ware grootte of, soos in hierdie geval, die ware spoed van die gebeure. Oordeel maar self, want ek het nie ’n woord gelieg toe ek my storie aan my swaer Hennie vertel het nie.

Ek en my seun Hilmar word eendag uitgenooi om in die Hopetown-distrik te gaan springbokke skiet by ‘n pa-en-seun-geleentheid. Lede van die plaaslike jagtersvereniging is ook daar met hul seuns met grootkaliber gewere. Die teiken is wilde springbokke, so dit is òf kopskoot òf maalvleis. Dit was toevallig ook my seun se heel eerste jagondervinding.

Met eerste lig en ryp wat so 4mm dik op die bakkie se ysterraam lê, word ons opgelaai veld toe om die gewere te gaan inskiet. Ek en Hilmar met ‘n geleende geweer van die boer. Dis ‘n .223 kaliber. Elkeen kry drie patrone om aan die boer te bewys of hy kan skiet of nie. Almal kwalifiseer. Party ook maar net net.

Terug plaaskombuis toe om ‘n groot ontbyt te geniet. Vars melk, koffie, warm gebakte brood, niertjies, spek, volstruisroereiers.

In daardie omgewing is dit die gewoonte om die jagters in groepies uit te plaas op stellings in die veld en dan keer die werkers te perd die bokke in die rigting van die manne wat lê en wag. Ons maak ons reg in so vlak lopie met ‘n miershoop reg in die middel. So het ons ‘n goeie skootvlak vandaar in enige rigting.

My dorpsmaag begin grom en draai van die ryk ontbyt. Ek hoor baie ver van ons af skote en besef dat dit nog lank sal wees voor ons enige aksie sal hê. So 100 meter agter ons is daar ‘n ruigte wat mooi sal werk as buitelugtoilet. Daar gekom, maak ek my belt los waaraan daar skede met 'n vlymskerp jagtersmes is.

My eenstuk kakie weermagoorpak is volgende en ek neem die hurkposisie in terwyl ek die area rondom my bespied. Net mooi in die proses, roep Hilmar my. “Pa, hier is ‘n bok op pad na ons toe!” Gedagtig daaraan dat dit sy eerste keer is, sê ek: “Wag maar eers Hill, daar sal nog kom,” en begin nou hard druk om klaar te kry.

Hilmar klink opgewonde. “Pa, hierdie is ‘n mooi ram, sy horing is in die tweede draai, ek gaan hom skiet.” Ek wil nog keer toe klap die skoot. Gedagtes van ‘n gekweste bok wat hardloop in die vlakte gaan deur my kop terwyl ek haastig sand gryp om af te vee.

Bril, hoed en kamera in die een hand, boonste gedeelte van die oorpak en belt met die mes in die ander, storm ek op hom af. Hy kom aangehardloop om die mes te kry, maar ek is op spoed en storm verby, met hom agterna. So in die hardloop kyk ek om en sien die geweer lê nog op die miershoop. Ek skree vir hom: “Kry die geweer, as hy opspring gaan ons hom nie kan inhardloop nie!” Die hele petalje speel hom af soos ‘n Jamie Uys-fliek.

Daar gekom, lê die bok doodstil, maar ek sien geen merk aan hom nie. Agterdogtig vra ek: “Waar het jy gemik?” “Soos pa gesê het, na sy kop.” Ons kyk nader en ja, net langs die oog en die neus is die gaatjie en ‘n bloedtraan, die uitgang agter die kop is klein. Presies soos ‘n standaard .223 weermagpatroon sal maak.
Ons sny gou pens oop, maak skoon en lê die bok kop ondertoe oor die miershoop om uit te bloei. Ons word laaste opgelaai so ons bok is heel bo op die

hoop. Die manne kyk baie belangstellend na die netjiese karkas wat nie 'n bloedkol op het nie. Die nuuskierigheid neem later oor en een van die "geharde" jagters vra: "maar waar is die bok dan geskiet?" Hilmar buk af en tel die bok se kop op en wys hulle die mooi kopskoot. Ek sien hoe manne hulle gewere begin toestaan, want die res van die hoop bokke was maar net repies vleis aan vel.

Die aand word Hilmar gedoop met die bloedmerk, rou hart en "leeutande" in brandewyn.
Die volgende oggend weer eens 'n groot ontbyt. Maar dié keer *pace* ek myself, want vandag is dit my beurt om 'n bok te skiet. Ons word op 'n ander gedeelte van die plaas staangemaak en kry gou 'n geskikte plek waar ons alle hoeke kan dek. Weer raak dit rustig so in die oggendsonnetjie en ons wonder selfs hardop oor waarheen al die vliegtuie op pad is wat sulke spookasem strepe in die lug oor ons los.

Terwyl ons nog so luilekker wag, hoor ons skielik daar oorkant die rantjie die doef, doef, doef van geweerskote. Ek draai na Hilmar en sê vir hom dit klink amper na 'n klein oorloggie. Hoop nie hulle verwilder te veel aan die wild nie.

My woorde was skaars koud toe sien ons 'n bok daar ver oor die randjie verskyn. Hy hardloop stof uit die grond. Dan is hy weg, dan verskyn hy weer, dan is weg, dan kom hy weer op. Hilmar hou hom deur die teleskoop dop. "Hy is op pad hierheen pa," fluister hy vir my, asof die bok hom dalk sal hoor. "Sal ek hom skiet?"

Ek vat die geweer by hom en bekyk die naderende bokkie. Dis 'n ooitjie. "Nee wat Hill, sy is te klein en die manier wat sy draf lyk dit my of sy reeds gekwes is."

Ek gee weer die geweer vir hom terug en hy lê en hou haar weer dop. "Sy is reguit hierheen op pad, Pa," fluister hy weer, dié keer redelik opgewonde.

"Ek sê jou wat, laat ek haar gaan voorlê agter daai bos," en ek beduie 'n na ruig stukkie bos langs 'n miershoop so entjie van ons af. Sit ook sommer woord by daad en doen 'n behoorlik *leopardcrawl* tot by die nederlaagstelling.

Die bokkie kom amper reguit op my af en ek kan sien sy is al baie uitgeput. Seker van al die bloedverlies, dink ek by myself. Toe ek reken sy is nou binne trefafstand, vlieg ek daar op en bestorm haar. Sy sit kort om en probeer wegkom, maar binne 'n paar tree plettervat ek haar soos Morné du Plessis destyds vir Naas Botha aangekeer het.

Voor sy nog baie kan skop, het ek my jagtersmes uit en sny keel af. Ek het mos nie verniet baie oefening gekry tydens my dae as deel van die Suikerbosrand se wilduitdunspan nie. So met die laaste paar stuiptrekkings van die bokkie, stop die boer in 'n stofwolk langs my in sy bakkie. "Het jý hierdie bok geskiet?"

"Nee," vertel ek hom, "Seker een van daardie ouens agter die rant wat haar gekwes het, ek het maar net keel afgesny" Die boer klim uit en help my die bok agter op die bakkie laai. "Kom ons kyk waar hulle haar gekwes het," sê die boer en ons deursoek die bok. Ons kry nêrens 'n kwesplek nie. Dan kondig hy aan:"Hierdie bok was springlewendig en het niks makeer nie. Sy was nou wel seker baie moeg van al die hardloop, maar dit kos nog steeds 'n man op 'n perd om 'n bok in te hardloop". Verbeel ek my, of merk ek so n tikke bewondering in sy stem?

Daardie aand om die kampvuur kry die pa van die vorige dag se skerpskutter dan ook sy nuwe naam: "*Tarka die Mes*, die man wat nie 'n geweer nodig het nie. Wat sommer 'n springbok van agter af kan inhardloop en keel afsny."

KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 9 FEBRUARIE 2015